

10 September

Gebedsarmoede word gebedsrykdom in 'n sug

Skrif- en Fokusgedeelte: Romeine 8:26-30

As ons 'n kind of baie nabymens klaar begrawe het, voel dit soms of jou gebedswoorde afgestomp en min word. Jy weet dalk nie meer wat om nog in jou gebede aan die Here te sê nie. Soms is so 'n gebed en stilte niks meer as 'n sug nie.

Romeine 8 praat direk oor ons gebedsarmoede veral in sulke omstandighede: "... ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie ..." (vs 26b). Ons weet baie dinge. Ons weet hoe om die buitenste ruimtes te bereik. En tog weet ons soms nie wat om te bid in ons groot hartseer nie. Die goeie boodskap, God se evangelie, is egter: "... die Gees self staan ons in ons gebedsarmoede by ..." (vs 26). Letterlik staan hier: Die Gees kom staan langs my, neem my gebedsarmoede in my routyd oor en gaan daarmee na God. As goeie Advokaat stel hy my saak aan God. Hy pleit vir ons. Hy skaaf as 't ware ons gebede reg en bring dit in lyn met God se wil en God se troos in my smart.

Hoe doen die Gees die werk? Met onuitspreeklike sugtinge. Die Gees sug as 't ware ons gebedsarmoede voor God reg. Maar: As ek in my smarte nie bid nie, dan sug die Gees ook nie! Dan ontnem ek – om dit so te stel – die Heilige Gees van sy verrykende werk in my smartgebede.

Die punt is: Gebedsarmoede word gebedsrykdom in 'n sug. Hou aan bid!

Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2

Prof. Cassie Venter (Emeritus)